

Hoofstuk van die dag: Sagaria 2

> *Ek het weer ’n gesig gesien. Daar was ’n man met ’n maatlyn in die hand … (vers 1)*

In die eerste naggesig het Sagaria gehoor dat Jerusalem en die tempel herbou gaan word (1:16). Nou sien hy ’n landmeter wat

besig is om die stad uit te lê om te bepaal hoe groot dit moet wees. Dan word hy gekeer. Die Here het ander planne met die stad, daarom is dit onnodig om die stad uit te meet.
Dikwels is ons gedagtes heeltemal te beperkend vir God se werk. JB Phillips het hieroor ’n boek geskryf met die veelseggende titel: “Your God is too small”. Buitendien het God se plan vir die stad nie ’n muur nodig nie, want Hyself sal dit beskerm met ’n muur van vuur rondom.
Buitendien is stadsmure onprakties, want nie net die terugkerende ballinge sal ’n tuiste in Jerusalem vind nie. Baie nasies sal hulle aan die Here verbind en ook deel van sy volk wees (vers 11). Die visie dat die kerk sal strek oor alle grense heen, is nie net ’n Nuwe Testamentiese gedagte nie! Dis hoekom ek en jy ook aan Hom kan behoort.
Jy is óók die Here se oogappel (vers 8), sy kosbaarste besitting. Glo dit vandag!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026